DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

04/05 - Liturgie-Werkswinkel

CRADOCK RING (2011 – 2012)

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM PROJEK	RING VAN CRADOCK LEWENSLITURGIE – WERKSWINKEL	Ds Attie van Wyk
POSADRES		Posbus 425, CRADOCK 5880
E-POS		paddaprins@hotmail.com
FAKSNOMMER		048-8811350
TEL. WERK		048-8811350
TEL. HUIS		048-8812962
SEL.		072 93 222 93

A VAN WYK	13.10.2010

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

LEWENSLITURGIE - WERKSWINKEL
Twee jaar gelede het ek saam met ander lidmate en predikante 'n Lewensliturgie werkswinkel, wat as projek deur leraars (nou nie meer in die Oos Kaap Sinodale streek nie) van Albanie georganiseer was, bygewoon. **Hierdie werkswinkel het ons wat daar was ontsaglik verryk ten opsigte van ons lewensruimte en bedieningsveld. Spesifiek toegespits daarop om lidmate en leraars so toe te rus en tot die toepassing te kom dat die erediens en liturgie veel wyer strek as bloot net die byeenkomste op 'n Sondag.** **Hierdie werkswinkel verg besliste deelname en mededeling ("sharing") deur kursusgangers om so doende mekaar te bemagtig en ook by mekaar te leer oor bepaalde lewensbedieninge. Die kursus geskied in verskeie sessie wat ingelei word deur verskeie kerkleiers/figure met 'n bepaalde tema as vertrekpunt. Ope gesprek saam met die sessie-leier en groep word dan hanteer en op 'n oop en eerlike wyse gedeel en geleer. Hierdie kursus sou verseker ook kon dien as 'n VBO-geleentheid na gelang van die typerk en bepaalde sessie-leiers.**

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Alle leraars, bedienaars, lidmate sal welkom wees by so 'n geleentheid. Hoe weier die verteenwoordigers uit verskeie Ringe kan saam kom, hoe meer effektief sou die uitkoms van so 'n geleentheid wees. Dit sou veral toegespits word op diegene met 'n belangstelling in die ontwikkeling en uitspeel van kerk/christen wees in ons alledaagse lewe. Diegene wat 'n entjie verder dink, saam wonder en hoop wil bring in ons samelewing – lewensliturgie.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Uitnooi van sessie-leiers	**Sodra die projek goed gekeur word, sal die proses begin**
Inskryfvorms en bekendmaking van kursus	**Augustus**
Fondse beskikbaar gestel vir uitgawes bv. reiskostes van aanbieders asook deposito van Plek waar die kursus sal geskied	**Mei (indien moontlik)**
Kursus Geleentheid	**Einde Augustus / Sept**

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Reëlings	**Ds. Attie van Wyk en Gekoöpteerdes Sinodaal**
Hulp en Ondersteuning in Projek	**Ring van Cradock en ook Sinodaal**

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Gewone hulpmiddels soos digitale projektor/ blaai bord, skryfbehoeftes en so meer.	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Fakse, fotostate en internet	**Julie**
Deposito vir 'Venue'	**Mei**
Reiskostes (vliegtuig besprekings) van aanbieders	Mei
Fooie vir aanbieders	Mei

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE	+/- R10 000
VERBLYFKOSTE	+/- R5 000
REKENAARUITGAWES	+/- R100
SKRYFBEHOEFTES	+/- R500
DRUKWERK	+/- R500
TELEFOON	+/- R150
POSGELD	
VERVERSINGS	
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF): VENUE	+/- R2 000
TOTAAL	**R18 250**

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
1 Mei 2011	**R 18,250**

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

R 10,000 elektroniese oorbetaling aan Ringsfonds Cradock
(Ds Japie Taljaard – ringskriba – NG Kerk Colesberg)

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Baie dankie dat u ons as Ring in die breë bystaan. Ons hoop en vertrou dat u ook hierdie keer ons te hulp kan kom met betrekking tot ons jongmense.